## 20 Mei  Johannes 14:15-17; 16:7-11; HK, Sondag 20

### *Hoe werk die Heilige Gees in ons*

Een van die name van God, die Heilige Gees, is: die ander Trooster. Hy troos ons en dit doen Hy op twee maniere: In die prediking kom die Heilige Gees met vryspraak vir die een en veroordeling vir die ander een.

Hy verkondig aan my dat ek vrygespreek is omdat my sonde aan die liggaam van Christus veroordeel is. Vry is ek van skuld en straf. Wie sal my dan nog kan beskuldig? Hy getuig vir my, Hy bid vir my, Hy staan my by.

Maar, as ek in sonde leef sê Hy vir my dat ek my nie kan verontskuldig nie. Dan getuig Hy teen my. Hy stapel die bewyslas teen my op.

Daar is maar net een weg vir dié wat die vertroosting van die Heilige Gees soek: dit is die verkondiging van die Woord deur die dienaars van Christus en die bediening van die sakramente in die kerk. Wie dit nie wil hê nie verhinder die Heilige Gees wat Homself aan ons wil meedeel. Ons mag nooit gering dink van slordige erediensbywoning nie. Daardeur bedroef ons die Heilige Gees en belemmer sy werk in ons.

Mense wat hulleself Christene noem, meen soms dat hulle tuis kan bly en daar self die Bybel lees. As jy so dink, vergeet jy dat die Heilige Gees in die eerste plek aan die kerk gegee is en nie aan individue nie. Slegs in gemeenskap met die kerk deel ons in die trooswerk van die Heilige Gees.

Sing: Psalm 119:27                    Ds. J.H. Grobler (Grootfontein)